

## Bileam – betroubare profeet of geldgierige waarsêer?

Num 22:1-41

5 September 2021

1. Num 21:10-35:
  - a. Kampplekke tydens trek om Edom en Moab
  - b. Oorwinning oor Amoriete, Sihon en Og
2. Num 22:1-3
  - a. Aankoms op Moabvlakte oos van Jordaan regoor Jerigo
  - b. Moabiete bang vir Israel – hulle is groot volk, het Sihon oorwin
3. Balak se nuwe benadering (Num 22:4-21)
  - a. Geestelike stryd deur Bileam wat die volk vervloek
  - b. Twee afvaardigings van Balak na Bileam – eerste keer keur die Here af dat Balak saamgaan, tweede keer laat die Here hom toe
4. Die Here konfronteer Bileam (Num 22:22-41)
  - a. Die Here is kwaad oor Bileam na Balak gaan
  - b. Engel van die Here konfronteer drie keer: donkie sien die Engel, maar nie Bileam nie
  - c. Donkie praat met Bileam, Engel open sy oë – gee toestemming dat Bileam mag gaan, maar mag net doen wat die Here sê
5. Hoe moet ons oor Bileam dink?
  - a. Is hy 'n betroubare profeet?
    - i. Hy raadpleeg die Here, vertrek eers as hy toestemming het, bereid om om te draai, herinner Balak telkens hy kan net doen wat die Here sê, sien die volk
  - b. Is hy 'n geldgierige waarsêer?
    - i. Was erkende waarsêer
    - ii. 2 Pet 2:12-16 – geassosieer met vals leraars, pleeg onreg vir loon
      - Sien minder in die geestelike dimensie as sy donkie, wat sy lewe spaar
      - Hoofstukke 23-24: Bileam “word” donkie, Balak “word” Bileam
    - iii. Judas :11 – geassosieer met goddelose mense, pleeg bedrog vir geld
    - iv. Op 2:14 – het Israel verlei tot afgodery en onsedelikheid (vgl Num 25)
  - c. Bileam het eie agenda gehad – geldelike gewin. Dit is genade van die Here wat hom die volk laat sien het.
6. Toepassings
  - a. Geestelike stryd
    - i. Soos die volk is kerk in geestelike stryd – nie altyd bewus van stryd nie
      - Ef 6:10-12, Openbaring
    - ii. Die Here is bewus en in beheer van die geestelike stryd – Hy konfronteer die internasionale geestelike kenner met 'n pratende donkie!
  - b. Die koninkryk van God veroorsaak vrees by die wêreld
    - i. Moabiete was bang vir Israel
    - ii. Wêreld word moedeloos en bevrees (vgl Op 11:13)
  - c. Pasop vir die wysheid van die wêreld
    - i. Balak soek hulp by Bileam, wat minder geestelike insig het as sy donkie
    - ii. Het die persone by wie jy wysheid soek, werklik wysheid?
    - iii. Word hulle dalk deur geld gedryf?
    - iv. Wysheid is alleen by God te vind